# FICHARDTPARK PRIMÊRE SKOOL

# GEDRAGSKODE

# ONDERSTEUNERS EN TOESKOUERS

***INHOUDSOPGAWE***


| ***NR.*** | ***AFDELING*** | ***BL.*** |
|---|---|---|
| 1 | *RASIONAAL* | 3 |
| 2 | *FICHIE-AMBASSADEURS* | 3 |
| 3 | *WAARDEGEDREWE GEDRAG* | 3 |
| 4 | *NIE-WAARDEGEDREWE GEDRAG* | 3 |
| 5 | *KODEREëLS* | 4 |
| 6 | *OPWARMING, RUSTYD, BESERINGS EN SPANAFSLUITING* | 4 |
| 7 | *SPANKEUSES, KOMMUNIKASIEKANALE EN PLASINGS OP SOSIALE MEDIA* | 5 |
| 8 | *PROSEDURE IN DIE GEVAL VAN WANGEDRAG* | 5 |
| 9 | *SAMEVATTING* | 5 |

## *FICHIE-ONDERSTEUNERS-EN TOESKOUERSGEDRAGSKODE*

### *1. Rasionaal*

Die deelname aan buite-kurrikulêre, asook ko-kurrikulêre aktiwiteite is om die Visie en die Kernwaardes van die skool uit te bou. Die fokus is deelname, genot, karakterbou en fisiese ontwikkeling. Dit is 'n groot voorreg dat die kinders hul Godgegewe talente tot sy eer kan ontwikkel. Hou in gedagte dat minder as 0.5 % leerlinge na skool op professionele vlak aan sport gaan deelneem.

### *2. FICHIE-AMBASSADEURS*

Toeskouers, inbegrepe personeel, ouers, ondersteuners en leerlinge, verteenwoordig Fichies tydens skoolaktiwiteite wat oefeninge en kompetisies insluit. Waardegedrewe gedrag is ten alle tye noodsaaklik. Goeie sportmanskap teenoor al die beamptes, afrigters en deelnemers is ononderhandelbaar. Die skool se goeie naam moet ten alle tye uitgedra word.

### *3. WAARDEGEDREWE GEDRAG*

- Dra altyd die skool se beeld en naam op 'n positiewe manier uit. Stel 'n goeie voorbeeld van aanmoediging, positiewe ondersteuning en goeie sportmangees.
- Koester realistiese verwagtings van jou eie kind en moenie hul onder onrealistiese druk plaas nie. Hul emosionele -, geestelike - en fisiese welstand is ononderhandelbaar.
- Motiveer, ondersteun en praat altyd positief met jou eie kind, asook van die afrigters, spanmaats, ander ouers en die opponente.
- Moedig eerlike pogings, goeie vaardighede, deursettingsvermoë, harde werk, lojalititeit en sportmanskap aan.
- Betoon respek en verdraagsaamheid teenoor al die deelnemers, asook die medetoe-skouers.
- Eerbiedig in 'n goeie gees die organiseerders en die beamptes se gesag, asook die skeidsregter en die grensregter se beslissings.

### *4. NIE-WAARDEGEDREWE GEDRAG*

- Ondersteuners moet hul weerhou van ongehoorde of dreigende taal, kritiek, negatiewe of sarkastiese opmerkings teenoor beamptes, skeidsregters, spelers of die ondersteuners van die besoekende spanne.
- Moenie in argumente van besoekende skole se ondersteuners betrokke raak nie.
- Straal 'n positiewe lyftaal uit en moenie dreigende of onvanpaste handtekens of lyftaal openbaar nie.

- Geen rook, damprook of derglike produkte word op die skoolterrein toegelaat nie.

## *5. KODEREëLS*

- Vergewis jou van die bepaalde sport- of kultuurkode, wat jy ondersteun, se reëls.
- Ondersteuners moet hul by die byeenkomsreëls van elke toernooi of wedstryd van die bepaalde kode hou.
- Slegs afrigters, beamptes en spelers word binne die arena, opwarmingsareas of speelveld toegelaat vir die volle duur van die opwarming, wedstryd, rustyd asook die spanafsluiting. Dieselfde reël geld ook tydens gewone oefeninge by die skool.
- Toeskouers moet op die pawiljoene sit en nie op en af langs die kantlyne loop nie.
- Dit is die afrigters se prerogatief (eksklusiewe voorreg) om die wedstrydplan en spelpatroon te bepaal. Ouers of toeskouers moenie wenke aan hul kinders of ander spelers gee of skreeu nie.
- Eerbiedig die bepaalde kode se reëls onder andere:
  - *Afslaan/doel/strafdoel/strafskop:* Gee 'n oomblik van stilte vir die betrokke speler.
  - *Atletiek:* Gee stilte vir die afsitter nadat die fluitjie geblaas is.
  - *Hokkie*: Geen toeskouers agter die doelhokke of die doellyn nie.
  - *Krieket:* Geen toeskouers word in die gesigveld van die kolwer toegelaat nie.
  - *Netbal:* Geen toeskouers agter die doelpale of binne die baan nie.
  - *Rugby:* Klap hande as beseerde speler die veld moet verlaat.
  - *Skaak:* Geen hulp of wenke aan die spelers nie.
  - *Tennis:* Spelers hou self telling en roep self die bal af.

## *6. OPWARMING, RUSTYD, BESERINGS EN SPANAFSLUITING*

- Die afrigter gebruik opwarming om die spelers vir die wedstryd gereed te kry, geen ouers of ondersteuners word toegelaat nie.
- Slegs ondersteunerspersoneel, soos vooraf gereël, mag met die spelers praat en verversings voorsien. Geen ander ondersteuners of ouers word toegelaat nie.
- As 'n speler beseer is, sal die afrigter of die betrokke noodhulppersoneel die ouers, indien nodig nader roep, ouers moenie sonder die nodige toestemming die speelarea betree nie.

## *7. SPANKEUSES, KOMMUNIKASIEKANALE EN PLASINGS OP SOSIALE MEDIA*

- Dit is die prerogatief van die betrokke afrigters om die beste, beskikbare span op meriete te kies. Spelers word gekies waar hul die span die beste kan dien. Niemand mag met die spankeuses inmeng nie.

- Deelnemers, wat in skoolkleure deelneem, kan nie sonder die nodige toestemming op sosiale media vertoon word nie. Sosiale media is ook nie die platform om ongelukkig-hede rugbaar te maak of op te los nie. Gebruik die bepaalde kommunikasiekanale soos dit in hierdie beleid vervat is.
- Navrae, klagtes, komplimente en wenke moet op 'n gepaste tydstip onder die aandag van die betrokke afrigter gebring word, maar nie tydens oefeninge of wedstryde nie.
- Wedstrydklagtes, byvoorbeeld gevaarlike spel of foutiewe beslissings sal deur die afrigter en die aktiwiteitshoof, soos nodig, onder die aandag van die betrokke administrateurs se aandag gebring word.
- *Kommunikasiekanale:*
    - Algemene navrae:

      *Afrigter → Aktwiteitshoof → Sporthoof of Kultuurhoof → Skoolhoof*

    - Dringende navrae of klagtes binne twee werksdae van voorval, foonoproep/mondelings/per e-pos:

      *Sporthoof of Kultuurhoof → Skoolhoof*

    - *Ernstige sake sal, soos nodig, ook onder die beheerliggaam se aandag gebring word.*

## 8. PROSEDURE IN DIE GEVAL VAN WANGEDRAG

- Die oortreder sal deur die skoolhoof/beheerliggaam bewus gemaak word van die onaanvaarbaarheid van die bepaalde gedrag en dienooreenkomstig, afhangend van die ernstigheid en partye betrokke, regstellende maatreëls instel onder andere, maar nie beperk tot:
    - Aanbieding van 'n mondelinge/skriftelike verskoning deur oortreder.
    - Verbod op die bywoning van buitekurrikulêre aktiwiteite en/of wedstryde van die skool vir 'n bepaalde periode, in die beste belang van al die partye.
    - In ernstige, herhaalde gevalle, moontlike weglating van die kind, van die betrokke oortreder, uit buite-kurrikulêre aktiwiteite en/of - spanne.

## 9. SAMEVATTING

Elke aktiwiteit vind tog binne spelreëls, op 'n bepaalde speelveld plaas. Elke rolspeler het sy eie bepaalde funksie. Die *deelnemers* moet die spel geniet. Die *afrigters* is daar om die deelnemers die spelvaardighede en die spelreëls aan te leer. Die *wedstryd-beamptes* moet toesien dat die spelreëls nagekom word. *Toeskouers* en *ondersteuners* moet die deelnemers in 'n positiewe gees aanmoedig. Moenie die reg in jou eie hande neem nie. Volg die *kommunikasiekanale* as daar ongelukkigheid is. Eerbiedig die

Gedragskodes van die skool – laat die afrigter, afrigter wees, die skeidsregter, skeidsregter en wees jy jou eie kind, en ons Fichieskoolgemeenskap se kinders, se grootste ***Ondersteuner***.

Geteken te Bloemfontein op hierdie 31$^{ste}$ dag van Mei, 2025.



Charles de Villiers
Beheerliggaamvoorsitter